

5 September

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:1-2

God se uitverkiesing – ‘n troos vir elke vreemdeling in hierdie wêreld

Noudat daar so baie van ons familie en vriende in die buiteland bly, het ons seker ‘n beter begrip van wat dit beteken om “vreemdeling” te wees. Petrus het hierdie brief geskryf aan gelowiges wat klompies-klompies verstrooid in Klein-Asië geleef het. Hulle was as Christene uit en uit vreemdelinge in ‘n gemeenskap van ongelowiges. Hulle is anders, daarom word hulle skeef aangekyk. Hulle lééf anders, daarom word hulle uitgestoot. Hulle lyk anders, daarom word hulle met agterdog bejeën en kwaad aangedoen. Dit hoort so dat Christene ‘n andersheid vertoon, want God het ons verander. Ons is nuut gemaak. Boonop het Christus gewaarsku dat die wêreld ons sal haat omdat die mense Hom gehaat het. Ons beleef dit ook. Christene kry byname, word uitgesluit by sommige geleenthede, word uitgelag oor hulle lewenswyse en is vir baie mense sosiaal onaanvaarbaar. Ons mag egter nie toelaat dat dit ons morbied maak nie. Ons mag nie, soos ons so maklik doen, net vaskyk in die haat nie. Immers, voordat daar na die gelowiges in vers 1 as “vreemdelinge” verwys word, word hulle “uitverkorenes” genoem. Ons uitverkiesing moet vir ons ‘n groter werklikheid wees as ons vreemdelingskap. Ons verhouding met God moet vir ons ‘n groter werklikheid wees as ons verhouding met die wêreld rondom ons. My herkoms en vastigheid lê in die ewigheid. Hierdie wêreld is net tydelik. Jou naam mag dalk vir ‘n kort tydjie ‘n vloekwoord in ‘n mens se mond wees, maar jou naam was in God se gedagtes nog voordat hierdie wêreld gemaak is. Jou swaarkry in hierdie wêreld is juis ‘n bewys van jou uitverkiesing. Leef met blydschap as ‘n vreemdeling in hierdie wêreld – een wat verlos en geheilig is, een wat ‘n herkoms en ‘n bestemming in die ewigheid het.

Sing: Skrifberyming 10:3,5,6 Ds PH Fick (Komatipoort)